Bl 2. Boodskap van die Munispale Bestuurder
Bl 2. Bravo aan die Manne
Bl 3. GOP Gemeenskap Vergaderings
Bl 4. Hondebelasting
Bl 4. Raadsvergaderings vir 2011

CEDERBERG

CEDERNUUS

VOLUME # 3 | **DESEMBER 2010**

AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE MUNISIPALITEIT

KERSGROETE

Nelson Mandela skryf in sy boek 'The long walk to Freedom' die volgende: "I have walked that long road to freedom. I have tried not to falter, I have made missteps along the way. But I have discovered the secret that after climbing a great hill, one only finds that there are many more hills to climb".

Aan die einde van 2010 – op die vooraand van 'n kersseisoen wat ons almal na uitsien – 'n tydperk om 'n bietjie af te skakel en verlore energie te herlaai – staan ons 'n oomblik stil op die kruin van een van die baie heuwels wat ons die afgelope jaar moes klim en kyk ons uit oor die baie heuwels wat voor ons uitgestrek lê.

Daar was baie dinge wat vir u, ons kliënte, frustreer het. Daar is steeds foute op die rekeninge, inwoners kla steeds oor die vuil strate van ons dorpe – veral oor naweke – die paaie is steeds vol slaggate en ons het steeds kragonderbrekings by tye.

En tog – baie heuwels is met sukses oorkom. In Clanwilliam het baie mense vir die eerste keer in baie jare die deur van hul eie huis oopgesluit en die van hul 'hok-tuiste' vir altyd gesluit (dit is jammer dat ongelukkigheid oor kragvoorsiening die vreugde van hierdie besondere geskenk afwater). Paaie is geteer, riool- en watersuiweringswerke is opgradeer en administratiewe agterstande is aangespreek. Drie streekbestuurders is aangestel om organisasie en kliëntediens in al die gebiede aan te spreek en te probeer verbeter.

En nou kyk ons uit oor die heuwels voor ons. Ons deins nie terug nie. Ons is vas oortuig dat die klim al makliker sal word en ons wil graag glo dat u ook sal ervaar dat daar al meer rede vir tevredenheid sal wees.

Ek wens vir elkeen van u 'n baie Geseënde en aangename Kerstyd toe. Mag die wese van Kersfees vir u in dié tyd die vrede bring wat werklik verkwik en versterk.

Mag u, in die woorde van die Griekwa digter, ervaar:
"Hy gee my voete vanne gemsbok, die Kalahari lê oop,
en ek sal nou veilig hie oppie
hoogste dyne kan loop".

Groete
JUDITH MOUTON
UITVOERENDE
BURGEMEESTER



Cederberg Munisipaliteit implementeer Streekbestuurs-model om dienslewering te verbeter

Na jare van noukeurige beplanning en voor-bereiding is Cederberg Munisipaliteit baie trots om sy nuwe streekbestuursmodel bekend te stel wat op 1 September 2010 geïmplementeer is.

Die behoefte aan innovering aan die wyse waarop munisipale dienste tot hede gelewer is, spruit uit die feit dat dienslewering, veral in die vêrafgeleë dorpe, dramaties verswak het. In sodanige gevalle stel die relevante wetgewing op plaaslike regering die munisipaliteit in staat om alternatiewe (beter) meganismes van dienslewering te ondersoek. In die geval van Cederberg Munisipaliteit was daar spesifiek 'n behoefte om 'n meer responsiewe dorps/ streek administrasie te skep sodat inwoners van 'n spesifieke dorp onmiddellik antwoorde op hul navrae kan kry, en wel deur amptenare wat gemagtig is daartoe. Byvoorbeeld, as u 'n navraag sou hê omtrent u diensterekening, stel hierdie streekmodel u instaat om onmiddellike inligting te bekom by die spesifieke streekkantoor waar u woon.

Die streekmodel fokus op basiese dienslewering kwessies soos vullisverwydering, waterdienste, daaglikse instandhouding, plaaslike verkeer en wetstoepassing, verbetering in die esteties voorkoms van die dorp, asook om seker te maak dat publieke deelname op 'n aanvaarbare manier hanteer word.

Die behoorlike funksionering van die wykskomitees is van kardinale belang vir die sukses van die streekmodel aangesien die wykskomitees die medium is waardeur die daaglikse kwessies en behoeftes aan die streekkantore oorgedra word.

As die hoof van administrasie, is dit die streekbestuurder se plig om te verseker dat alle dag-tot-dag dienslewering behoeftes bevredig word sowel as om hulle personeel, werksprogramme en produktiwiteit te bestuur. Die streek-bestuurder rapporteer aan die Munisipale Bestuurder, wie steeds die hoof van die Cederberg Munisipaliteit is. Die munisipaliteit het ook 'n Projekbestuureenheid op die been gebring wat sal fokus op langer termyn infrastruktuur beplanning, die ontwikkeling van diens-standaarde en die verskaffing van gespesialiseerde tegniese kennis aan die streekkantore.

Daar word verwag dat hierdie model baie waardevol sal wees in dorpe soos Citrusdal, Lambertsbaai, Graafwater en Elandsbaai aangesien hierdie dorpe die grootste negatiewe nagevolge gehad het na die samesmelting van die munisipaliteite in 2000 nadat die mees senior personeellede geskuif is na die hoofkantoor in Clanwilliam.

Hier is die streekbestuurders en hul streekkantore:

Lambertsbaai, Elandsbaai, Graafwater, Leipoldtville, Paleisheuwel

LOUIS VOLSCHENK: (sel): 082 801 0526
(tel): **027 432 1112** | (faks): 027 432 1901

Clanwilliam, Wupperthal

NIGEL MERCUUR: (sel): 082 801 0409
(tel): **027 482 8000** | (faks): 027 482 1933

Citrusdal, Elandskloof

GERHARD LOCHNER: (sel): 082 801 6496
(tel): **022 921 2181** | (faks): 022 921 2186

Boodskap van Munisipale Bestuurder

- GERRIT MATTHYSE

Terugblik sedert 2006:

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om ons gemeenskappe en personeellede te bedank vir `n suksesvolle jaar. Ons kon nie altyd daarin slaag om al ons doelwitte te behaal nie, maar ons het onverpoos probeer om die lewens van ons gemeenskappe positief te verander. Die Cederberg Raad se operasionele begroting was R51.3 mil in 2006. Vir 2010/11 is die begroting R127.4 mil (operasioneel) en R40.2 mil (kapitaal).

Hoof fokus areas vir die afgelope 5 jaar:

1. Institusionele Kapasiteit en Transformasie
- Stabilisering van arbeidspraktyke en verbetering van werknemer verstandhouding in die werksplek en produktiwiteit
- Stabiliseer die administrasie wat betref die vul van vakatures en verbeterde bestuurspraktyke
- Stabilisering van die Munisipale Raad en die uitbou van die Raad se kapasiteit
- Effektiewe wetstoepassing deur die aanstelling van wets-toepassers.

2. Ekonomiese ontwikkeling
- Die vordering van plaaslike ekonomiese groei.

3. Basiese dienslewering
- Aanspreek van grootmaat infrastruktuur (water, sanitasie en elektrisiteit agterstande)
- Opgradering van informele nedersettings ten einde toegang tot basiese dienste bv. water, sanitasie en waar prakties moontlik elektrisiteit
- Die bou van lae koste behuising in ons dorpe waar grootmaat dienste beskikbaar is
- Die uitfasering en vervanging van verouderde diens-lewering voertuie.

4. Goeie Regering
- Hersien en optrek van nuwe beleide, regulasies/ verordenings, krediet waardige GOP, begroting, diensleweringsplan, ens.
- Vestiging van `n kultuur van beplanning wat betref Meesterplanne asook instandhoudingswerk
- Die vestiging van `n kultuur van goeie regering deur die aanstel van `n Interne Ouditeer / Eksterne Oudit Komitee, Prestasie Evalueringskomitee, Jaarverslag, Oor-sigkomitee en `n effektiewe munisipale oorsig funksie, ens.

5. Finansiële onderhoudbaarheid
- Stabiliseer die Cederberg Munisipaliteit se finansiële posisie ten einde finansiële lewensvatbaar en ekonomies onderhoudbaar te wees
- Die uitrol van nuwe finansiële stelsel asook prestasie bestuurstelsel
- Die behaal van `n skoon Oudit verslag.

6. Inter Regerings verhoudinge
- Verbetering van inter regerings verhoudinge met Distrik, Provinsiaal en Nasionale Regerings.

7. Gemeenskaps deelname
- Vestiging van Wykskomitees en ander gemeenskap kon-sultasie prosesse
- Verbetering van kliëntediens en verhoudinge deur die aanstel van Streek bestuurders
- Uitrol van `n nuwe kommunikasie strategie.

Suksesse tot op hede behaal:

Clanwilliam:
- Bou van 394 lae koste behuising – R38 miljoen
- Opgradering van die suiweringswerke – R7 miljoen
- Opgradering en herverskuiwing van Khayalitsha van informele na formele nedersetting (680 families) – R10 miljoen
- Teer van 4 paaie – R4 miljoen
- Opgradering van elektrisiteitwerke – R1.8 miljoen
- Opgradering van Clanwilliam se watertoevoer – R3 miljoen
- Nuwe sportterrein beligting - R750 000,00
- Opgradering van die Veeldoelige sentrum – R1 miljoen
- Bou van Wupperthal oksidasie damme en toilette tesame met Weskus Distrik Munisipaliteit – R5,2 miljoen.

Citrusdal:
- Opgradering van die bestaande rioolwerke, aanlê van 4 km pyplyn na die nuwe rioolwerketerrein asook die aankoop van die terrein – R11 miljoen
- Opgradering van Citrusdal se sportgronde – R1.8 miljoen
- Teer van Parkstraat te Citrusdal – R400 000,00
- Herstel van Elandskloofpad na die vloed werke - R1 mil.

Lambertsbaai:
- Bou van die ontsoutingsaanleg (oner konstruksie) - R35 miljoen
- Rehabilitasie van die rioolwerke.

Elandsbaai:
- Opgradering van die sportterrein – R1,5 miljoen
- Opgradering van die elektriese werke asook die water-toevoer – R2,9 miljoen
- Opgradering van sypaadjies deur Publieke Werke.

Graafwater:
- Nuwe waterwerke – R6 miljoen
- Opgradering van sypaadjies deur Publieke werke - R2,5 mil
- Voltooiing van die publieke fasiliteite – R400 000,00.

Pad vorentoe:

- Elektrifisering van Clanwilliam se 394 lae koste behuising – R3,5 miljoen
- Konstruksie van Lambertsbaai se nuwe rioolwerke – R9 miljoen
- Opgradering of bou van nuwe rioolwerke te Elandsbaai – R7 miljoen
- Opgradering van Leipoldtville en Paleisheuwel watervoorsiening – R2,5 miljoen
- Bou van `n Veeldoelige sentrum te Elandsbaai – R2 miljoen
- Opgradering van sleephelling te Elandsbaai – die permit om die sleephelling te bestuur is by Omgewingsake bekom
- Opgradering van Citrusdal se paaie
- Bou van lae koste behuising te Graafwater, Lambertsbaai, Citrusdal en Elandsbaai (afhangende van Nasionale en provinsiale befondsing en beskikbaarheid van munisipale dienste)
- Bou van Citrusdal rioolwerke – R40 miljoen
- Vestiging van streek afval stortingsterrein
- Moontlike daarstel van satelliet brandweerstasie te Lambertsbaai en Citrusdal
- Uitkontraktering en nuwe bestuursmodel vir Oorde en Natuurtuin
- Beskikbaarstel van grond vir middel inkomste groep (Gap huise) vir persone in die inkomste groep van R3 500 – R10 000
- Vestiging van `n Cederberg Ekonomiese Ontwikkelings Agent afhangende van IDC (Independent Development Corporation) befondsing
- Die moontlike infasering van landelike ontwikkeling befondsing in Wyk 4 deur Departement van Landelike Ontwikkeling
- Oorname van Algeria as deel van die Cederberg na die 2011 verkiesing
- Die aankoop van grond te Graafwater vir die bou van lae koste behuising
- Die finalisering van Artikel 78 deur Weskus Distrik wat betref water en sanitasie grootmaat infrastruktuur
- Opgradering van ons dorpe wat betref estetika, speelparke vir kinders, ens.
- Verskuiwing van Jaagvlei en Sandkamp informele nedersettings te Citrusdal na `n gedienste terrein (soos per Provinsiale Regering se EHP konsep) – R10 miljoen.

2011 Plaaslike Regerings Verkiesing:

As Suid Afrikaners maak ons ons tans gereed as `n nasie vir `n nuwe Plaaslike Regerings Verkiesing in 2011 waartydens nuwe raadslede tot die Raad verkies gaan word of bestaande raadslede herkies gaan word. Ons moedig alle inwoners aan om by die plaaslike IEC te registreer ten einde deel te neem aan die verkiesing.

Laastens wil ek namens die Raad en personeel die gemeenskap`n Geseënde Kersfees en `n Voorspoedige Nuwe Jaar toewens. Ons gebedes gaan uit vir die bejaardes, kwesbare kinders, behoeftiges asook die gestremdes in hierdie feestyd. Ek wil elkeen aanspoor om `n poging aan te wend om uit te reik na die behoeftiges. Aan die Matrikulante van 2010 wil ek sterkte toewens gedurende die wagtyd vir julle uitslae. Ek hoop en vertrou dat jul uitslae positief sal wees. Geniet die welverdiende rusperiode.

Mag die feestyd vir elkeen van julle 'n tyd van nuwe belewenis van die Vader se liefde, in Christus Jesus wees. Mag jul wandel met Hom in die nuwe jaar telkens nuut gemaak word deur die werk van die Heilige Gees.

G F Matthyse
Munisipale Bestuurder

BRAVO
aan die manne

Staande agter:
Jac van Zyl en Polisie beampte van Clanwilliam
Voor: Jevon Kotze & Nigel Mercuur

Die flinke optrede van ons kollegas en die Polisie van Clanwilliam het daartoe bygedra dat die onwettige, onveilige elektrisiteit bedradings wat na die "Shacks" in Khayalitsha te Clanwilliam aangelê is, gekonfiskeer was.

Die aanlê van elektrisiteit bedrading is hoogs onveilig veral vir die kinders wat daar speel. Dit hou ook `n gevaar in vir die inwoners aangesien drade wat lewendig op die oop oppervlak lê, beskadig kan word en dus inwoners morsdood kan skok.

KORT-LIKS

Wenke vir 'n veilige vakansie

- Moet nooit alleen in die see swem nie
- Swem net waar daar lewensredders aan diens is
- Hou heeltyd 'n oog oor kinders
- Moenie op die strand alkohol gebruik nie
- Moenie vuurmaak buiten op plekke wat daarvoor bedoel is nie. As jy twyfel, moet liewer nie vuurmaak nie
- Moenie jou sigaretstompies by die motorvenster uitgooi nie
- Moenie onder die invloed van alkohol bestuur of enige iemand toelaat om dit te doen nie.

Gedagte vir die Feestyd

Wees die verandering wat jy graag in die wêreld wil sien.

- Mahatma Gandhi

GEÏNTERGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (IDP)

Publieke deelname vergaderings was gehou gedurende die week van 25 - 28 Oktober 2010 per dorp om insette te verkry vir die opstel van die jaarplanne van die Munisipaliteit (as deel van die GOP-Proses). Daar was gefokus op die volgende aspekte: Dienslewering Prioriteite, Prestasie Indikatore en Begroting.
Uiteengesit hieronder, is die insette en prioriteite soos gelewer deur die gemeenskappe, vir u kennisname:

Wyk 1 – Citrusdal, Elandskloof en Plase
Datum: 28 Oktober 2010

Sub-direktoraat	Insette van die Gemeenskap
INWONERS VAN PLASE SE BEHOEFTES IN DIE WYK	
Strategiese Dienste	Kleuterskole op plase
Strategiese Dienste	Beskutting / hokkies vir plaaskinders wat teen die pad wag vir vervoer na skole
Strategiese Dienste	Naskoolsentrums vir kinders op plase: om huiswerk te voltooi en toegang te hê tot rekenaars
Strategiese Dienste	Ontwikkeling van plaaswerkers
Behuising	Toegang tot grond en behuising vir plaasmense
Strategiese Dienste	Meer ondersteuning vir kleinboere op plase
Strategiese Dienste	ABET programme op plase
Strategiese Dienste	Esta Beleid
Behuising	Rooihoogte ontwikkeling
BEHOEFTES VAN ELANDSKLOOF	
	Ontwikkeling van Elandskloof: • Behuising • Elektrisiteit • Sanitasie • Water • Toegangspad
ANDER BEHOEFTES VIR DIE WYK	
Strategiese Dienste	Sport: • Ontwikkelingsprogramme • Uitbreiding en verbetering van sport fasiliteite & infrastruktuur
Munisipale Bestuurder & Raad	Vorming van 'n munisipale raad vir die jeug
Munisipale Bestuurder & Raad	Skep 'n portefeulje vir landelike ontwikkeling in die munisipale organogram
Strategiese Dienste / Beskermingsdienste	Misdaad voorkomingsprogramme by skole en gemeenskappe

Oorhandiging van huise in Clanwillian deur die Uitvoerende Burgemeester, Judith Mouton

Wyk 2 – Citrusdal
Datum: 27 Oktober 2010

Sub-direktoraat	Insette van die Gemeenskap
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Algemene voorkoms van dorp moet verbeter: • Onderhoud van oopruimtes • Onderhoud van paaie en sypaadjies - skoonmaak van strate • Onderhoud van sportgronde
Beplanning	Identifiseer addisionele grond vir die uitbreiding van die begrafplaas
Strategiese Dienste	Swembad: Rivier onveilig
Streekbestuurder	Onderhoud van munisipale geboue
Streekbestuurder	Onderhoud / standaard van biblioteek by gemeenskapsentrum

Wyk 3 – Clanwilliam
Datum: 26 Oktober 2010

Sub-direktoraat	Insette van die Gemeenskap
Elektrisiteit	Elektrisiteit wat nie beskikbaar is in nuwe huise nie

Algemene Operasionele Opmerkings / Klagtes:
1. Die onbekostigbaarheid van munisipale dienste vir nuwe huiseienaars
2. Wykskomiteelede moet terugvoering gee aan hulle onderskeie organisasies en sektore wat hulle verteenwoordig
3. Deernisbeleid: Implementering van die beleid moet beter gekommunikeer word aan die gemeenskap.

Wyk 5 – Lambertsbaai
Datum: 25 Oktober 2010

Sub-direktoraat	Insette van die Gemeenskap
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Toerusting vir speelparke
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Opknapping van die Don Burrelsaal
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Stalletjies moet terugskuif na markplein voor Lewis Stores
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Kampongpad reggemaak word
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Toilette vir Kampong

Algemene Operasionele Opmerkings / Klagtes:
1. Toekenning van tenders o.a. installering van kragbokse en omheining van vliegveld. Gemeenskaplede voel inwoners van Lambertsbaai kry nie munisipale tenders nie, dit word net toegeken aan mense wat geen belang het by Lambertsbaai
2. Foutiewe munisipale rekeninge
3. Gebrekkige kommunikasie van die munisipaliteit met die gemeenskap
4. Wykskomitee funksionering – geen terugvoering aan die gemeenskap nie
5. Hantering en terugvoering van klagtes wat skriftelik of telefoniese ingedien is
6. Deernisbeleid: Implemetering van die beleid moet beter gekommunikeer word aan die gemeenskap.

Wyk 4 – Graafwater & Elandsbaai
Datum: 26 Oktober (Elandsbaai) & 28 Oktober (Graafwater)

Sub-direktoraat	Insette van die Gemeenskap
BEHOEFTES VAN ELANDSBAAI	
Paaie & Stormwater	Instandhouding van bestaande paaie moet verbeter
Paaie & Stormwater	Herstel van Langstraat (voor skool)
Paaie & Stormwater	Opgradering van alle paaie wat uitvloei uit Hoofstraat
Streekbestuurder & Siviele Dienste	Sport fasiliteite: • Toestand van rugby veld • Verwyder doringbome langs speelveld • Besproeiing van speelveld met gesuiwerde rioolwater moet stop - gesondheidsrisiko • Kleedkamers – opknapping en maak voorsiening vir aparte geriewe vir mans en dames • Opgradering en opknapping van netbalbaan • Ontwikkelingsprogramme • Uitbreiding en verbetering van sport fasiliteite & infrastruktuur
Streekbestuurder / Elektrisiteit	Beligting van Hoofstraat is swak/dof
Streekbestuurder / Vullisverwydering	• Ongereeldheid van diens • Skoonmaak van sypaadjies (inwoners maak sypaadjies skoon – vullis word dan nie deur munisipaliteit verwyder nie)
Streekbestuurder / Riool	Ongereeldheid van diens van die rioollorrie
	Ondersteuning aan bestaande kleinboere • Identifiseer geskikte munisipale grond vir kleinboere
Behuising	Behuising vir Elandsbaai se mense
Behuising	Oordrag van huise (kaart en transport)
Munisipale Bestuurder	Glyhelling (Slipway) ontwikkeling
Streekbestuurder	Instandhouding & skoonmaak van begrafplaas
Streekbestuurder	• Werkverskaffingsprojekte geïnisieer deur die munisipaliteit is 'n groot behoefte
BEHOEFTES VAN GRAAFWATER	
Munisipale Bestuurder	Veeldoelige Gemeenskapdienssentrum
Strategiese Dienste	Opgradering van landelike infrastruktuur (provinsiale paaie, spoorvrag en telekommunikasie)
Strategiese Dienste / Siviele Dienste	Skuilings / beskutting vir werkers by ingang van Graafwater
Vullisverwydering	Ongereeld en onvoldoende. Probleme word ervaar in die volgende strate: • Akasiastraat en Eikestraat Skoonmaak van die Jakkalsrivier moet ook aandag geniet na die winter – gesondheidsrisiko
Verkeer & Lisensies	Spoedwalle moet ondersoek word vir die volgende strate: • Eike-, Van der Stel- en Dennestraat
Streekbestuurder & Siviele Dienste	Sportfasiliteite: • Algemene instandhouding moet verbeter • Ligte vir rugby veld • Omheining van netbalbaan
Paaie & Stormwater	In Eikestraat word probleme ondervind met reënwater wat nie wegvloei nie

Algemene Operasionele Opmerkings / Klagtes:
1. Toonbankdiens in Graafwater kantoor is onprofessioneel en publiek word onvriendelik behandel
2. Geen terugvoering aangaande skriftelike klagtes o.a. Jakkelsrivier
3. Wykskomiteelede moet terugvoering gee aan hulle onderskeie organisasies en sektore wat hulle verteenwoordig
4. Munisipale dienslewering voertuie moet meer beskikbaar wees vir Graafwater – striem dienslewering.

Wyk 6 – Wupperthal
Datum: Oktober 2010

Sub-direktoraat	Insette van die Gemeenskap
Raad	Vorming van 'n formele wykskomitee
Water	Herstel van toevoerpype na reservoir
Water	Drinkwater vir saal
Beskermingsdienste	Opleiding in brandbestryding – voorkommend
Finansies: Inkomste	Koste van elektrisiteit
Finansies: Inkomste	Wupperthal se inwoners word uitgesluit as deernisgevalle. Implementeringsbeleid moet hersien word.
Streekbestuurder / Siviele Dienste	Standard van sportgronde versleg. Rugby veld moet vergroot word
Strategiese Dienste	Ambulansdiens is swak na die buite stasies
Siviele Dienste	Geen beskutting vir siek mense wat wag op ambulansdiens
Strategiese Dienste	Gebrekkige teenwoordigeheid van SAPS
Paaie & Stormwater	Swak kondisie van paaie vanaf Engelsman se Graf
Riool & Sanitasie	Verstopte mangat in Langbome skep 'n gesondheidsrisiko
Siviele Dienste	Openbare toilette in die dorp
Kommunikasie	Televisie en selfoon opvangs baie swak in die gebied

Munisipalewerkers besig met instandhouding

KENNISGEWING INSAKE
DIE VORDERING VAN HONDEBELASTING - 2011

Kennis geskied hiermee ingevolge die Hondebelasting Ordonnansie (ord. – 19, 1978) dat die Raad besluit het dat hondebelasting gevorder moet word in die jurisdiksie gebied van die Munisipaliteit Cederberg vanaf 1 Januarie 2011.

Die toepaslike tariewe is as volg:

Reen of gesteriliseerde teef	R 30.00
Teef hond	R 100.00
Skutfooie per dag	R 35.00
Vrylatings fooi per hond	R 25.00

Enige verdere besonderhede is beskikbaar by die volgende munisipale kantore:
Clanwilliam
Citrusdal
Lambertsbaai
Graafwater
Elandsbaai

DATUM LYS VAN RAADS-, BURGEMEESTERS- EN SUB-KOMITEE VERGADERINGS – 2011

DATUM	RAADSVERGADERING	BURGEMEESTER- EN STREEK-DIENSLEWERING KOMITEES	SUB-KOMITEE
JANUARIE			18-01-2011
FEBRUARIE		01-02-2011	
	Spesiale Raadsvergadering Gewysigde Begroting 2010 / 2011 08-02-2011		
			15-02-2011
MAART		01-03-2011	
			15-03-2011
	29-03-2011 Begroting 2011 / 2012		
APRIL		05-04-2011	
			19-04-2011
MEI		03-05-2011	
			17-05-2011
	Spesiale Raadsvergadering Begroting 24/05/2011		
JUNIE		07-06-2011	
	Gewone Raadsvergadering 28/06/2011		
			21-06-2011
JULIE		05-07-2011	
			19-07-2011
AUGUSTUS		02-08-2011	
			16-08-2011
SEPTEMBER		06-09-2011	
			20-09-2011
	27-09-2011		
OKTOBER		04-10-2011	
			18-10-2011
NOVEMBER		01-11-2011	
			15-11-2011
		29-11-2011	
DESEMBER	06-12-2011		

ALLE VERGADERINGS IS OP DINSDAE. SPESIALE RAADSVERGADERINGS WORD GEREËL SOOS BENODIG.

NOODNOMMERS GEDURENDE FEESTYD/ EMMERGENCY NUMBERS FOR THE FESTIVE SEASON

Dienste Service	Clanwilliam	Citrusdal	Lambertsbaai	Graafwater	Elandsbaai
Kantoor	027 482 8000	022 921 2181	027 432 1112	027 422 1108	022 972 1745
Water	082 889 8202 /03	082 887 7283	082 949 9307	082 883 6826	082 889 8205
Elektrisiteit / Electricity	082 907 9494 082 937 1841	082 887 7281 072 888 3450	082 936 7712 082 596 6292	082 596 9292 078 162 1898	082 936 7712 082 596 6292
Riool / Sewerage	082 889 8202 /03	082 887 7283	082 882 8038	082 883 6826	082 889 8205
Vullisverwydering / Refuse	082 889 8204	082 701 8396	078 850 9554	082 883 6826	082 889 8205
Verkeer / Traffic	027 482 8016	082 886 5690	027 482 8016	027 482 8016	027 482 8016
Brandweer / Fire brigade	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6	027 482 1775 /6

CEDERBERG

CEDERBERG MUNISIPALITEIT INFORMASIE

TELEFOON	**(027) 482 8000**
FAKS	(027) 482 1933
POSADRES	Privaatsak X2, Clanwilliam, 8135
STRAATADRES	2A Voortrekkerstraat, Clanwilliam, 8135
WEBTUISTE	www.cederbergmunicipality.co.za

Kweekkraal Primêre Skool Besoek Biblioteek

Op 12 Augustus 2010 het Kweekkraal Primêr die Biblioteek te Citrusdal besoek.

Dit was vir die kinders `n geskiedkundige dag, want dit was die eerste keer dat hulle `n biblioteek besoek het. Die opgewondenheid van die kinders was onbeskryflik.

Die Bibliotekaresse , Brenda Strauss, het genoem dat sy aan hulle verduidelik het wat `n biblioteek behels en hoe belangrik lees is. Die biblioteekspan het vir elke kind `n borsspeld aangesteek asook `n boekmerk as aandenking gegee.

Klagtes & klagtes na-ure

Dit is een van die doelstellings van die Streek-bestuursmodel om klagtes vinniger en meer doeltreffend, plaaslik aan te spreek: kortom, dit moet amper nie meer vir u nodig wees om die Hoofkantoor in Clanwilliam te kontak nie.

Dit is belangrik dat klagtes skriftelik ingedien word. Sodoende kan nie net vordering van 'n klagte makliker opgevolg word nie, maar is dit ook nodig vir rekorddoeleindes.

Prosedure t.o.v. klagtes: Klagteboek

1. U kan u klagte/ versoek in die klagteboek wat by die Hulptoonbank by u munisipalekantoor beskikbaar is, inskryf
2. Dieselfde dag word die klagte na die betrokke amptenaar verwys vir die nodige aandag en word 'n werksopdrag uitgereik
3. Indien daar na 7 dae geen terugvoering / reaksie op u klagte wees nie, kan u die Hulptoonbank by u munisipalekantoor skakel om na vordering te verneem
4. Indien u klagte na 'n verdere 7 dae steeds geen aandag gekry het nie, kan u dit met die Streek-bestuurder opneem.

Ander skriftelike klagtes nie in klagteboek aangedui:

Sou u 'n klagte skriftelik aan die Streekbestuurder rig, kan u dit ook inhandig by die Hulptoonbank. 'n Ontvangserkenning binne 2 dae sal geskied asook besonderhede van die betrokke amptenaar na wie die klagte verwys is.

Daar word gehoop dat bogenoemde prosedures die afhandeling van klagtes asook die monitering ten opsigte van die vordering met klagtes ontvang, sal vergemaklik.